

## Hoofstuk 30 - Bedieningsprosedures

Hierdie hoofstuk beskryf die basiese bedieningsprosedures wat in die amateurbande gebruik word. *Nadat jy hierdie hoofstuk goed bestudeer het, sal jy verstaan watter prosedures gevolg word om met ander amateurs op HF-foon, GG en BHF/UHF-herhalers te kommunikeer.*

### Veiligheidsoorwegings

Hoofkragspanning kan doodmaak. Dus wanneer jy elektriese/elektroniese apparaat installeer maak seker dat:

- Geïsoleerde draad gebruik word wat geskik is vir die spanning om alle verbindings te maak.
- Alle blootgestelde metaaloppervlaktes, insluitende apparaathouers goed geaard is.
- Wanneer hoofkrag geskakel word, word 'n tweepoolskakelaar gebruik om beide die lewendige as neutrale lyne te skakel.
- Die kragproppe wat gebruik word, moet van 'n geskikte stroomvermoë wees vir die apparaat en dat die hoofkraguitlate nie oorbelaas is nie weens te veel proppe in gebruik.

'n Enkele meesterskakelaar moet gebruik word om die hoofkrag na al die apparaat af te skakel en al die huisbewoners moet daarvan kennis dra. Die familie sal dus die hoofkrag kan afskakel ingeval jy weens elektriese skok, nie daartoe in staat is nie.

Baie van die ouer apparaat en meeste moderne liniêre versterkers gebruik radiobuise. In hierdie kring word dodelike hoë spannings van tussen 500 en 3 000 volt aangewend. So moenie binne-in die apparaat rondvoetel tensy die krag afgeskakel is nie en die verbinding na die apparaat verbreek is nie. Maak seker dat die kapasitore in die kragbron ontlaaie is. Die kragbron moet van 'n bloeiweerstand voorsien wees.

Die RF-uitsetkrag van die sender kan 'n baie seer RF-brandpyn veroorsaak. Eintlik word radiofrekwensiesone in sommige mediese instrumente gebruik om menslike weefsel te sny. So skakel altyd die sender af voordat enige verstellers aan antennes, laaispoele of enigets wat aan die sender gekoppel is gemaak word.

### HF-Foonprosedures

#### Die Fonetiese alfabet

Die fonetiese alfabet word gebruik wanneer inligting uitgespel moet word. Dit word vir roepseine gebruik wanneer 'n kontak bewerkstellig word. As jy eers seker is dat die ander stasie jou roepsein reg gehoor het, kan jy na normale spraak terugkeer. Gebruik dan ZS1AN i.p.v. "Zoeloe Sierra Een Alfa November".

Die standaard fonetiese alfabet is:

*Alpha*  
*Bravo*  
*Charlie*  
*Delta*  
*Echo*  
*Foxtrot*  
*Golf*  
*Hotel*  
*India*  
*Juliet*

*Kilo*  
*Lima*  
*Mike*  
*November*  
*Oscar*  
*Papa*  
*Quebec*  
*Romeo*  
*Sierra*  
*Tango*  
*Uniform*  
*Victor*  
*Whisky* (of *Water* in Moslemlande)  
*X-Ray*  
*Yankee*  
*Zoeloe*

Hierdie woorde is gekies sodat hulle maklik van ander woorde uitgeken kan word. Kennis van hierdie woorde help om in swak toestande woorde te verstaan. Bv. as jy net “elta hoor dan weet jy die moet eintlik “Delta” wees. Hierdie voordele word verloor as nie-standaard fonetiese alfabet gebruik word. Gebruik dus altyd die standaard fonetiese alfabet .

#### **Bewerkstelling van kontakte**

Voordat jy roep, luister eers vir 30 sekondes om te hoor of die frekwensie onbeset is. As jy niemand op selfs naby die frekwensie hoor nie, kan jy ook vra of die frekwensie onbeset is.

*Is hierdie frekwensie in gebruik? Zoeloe Sierra Een Alpha November.*

Wag vir nog 30 sekondes en as jy dan niemand hoor nie, kan jy voortgaan om “CQ” te roep om ’n kontak te maak.

*CQ CQ CQ hier is Zoeloe Sierra Een Alpha November, Zoeloe Sierra Een Alpha November staan by.*

Wag vir 5 sekondes. As jy dan nie reaksie hoor nie, roep dan weer. As jy ’n paar keer geroep het en nog nie reaksie gehoor het nie, kan dit wees dat voortplanting baie swak is op die band van jou keuse, of dat niemand beskikbaar is nie.

As jy ’n kontak in ’n sekere rigting, of na ’n besondere land wil maak, wil maak, m.a.w. versoek dat net sekere stasies moet antwoord, roep jy *CQ DX* Dit meen dat jy net langafstand (DX) -kontakte wil maak m.a.w. kontakte met stasies in ander lande. As jy “CQ Europe” of “CQ Germany” roep, dan vra jy dat net stasies van ’n besondere vasteland of land moet antwoord.

#### **Antwoord op ’n CQ**

As jy ’n stasie hoor wat CQ roep, en jy graag met hom kontak wil maak moet jy eers van die volgende seker maak:

1. Is dit ’n gerigte roep, is jy in die regte gebied om te antwoord? Bv. ’n Suid-Afrikaanse stasie moet nie reageer as “CQ Japan” geroep word nie maar wel as “CQ Africa” of “CQ DX” van ’n nie-Afrika stasie.
2. Maak seker dat jy weet waar die stasie wat roep luister. Gewoonlik is dit op dieselfde frekwensie waarop geroep word. Skaars DX-stasies kan egter gesplete werking

toepas, wat beteken jy moet weet hoe om “gesplete werking” op jou send/ontvanger te aktiveer sodat jy die stasie kan kontak.

3. Maak seker dat 'n geskikte antenna verbind is en indien nodig dat jou antenna-aanpassingseenheid (ATU) reg gestel is vir die frekwensie en antenna. As die ATU nie reg gestel is nie, *moet nie* op die frekwensie instel waar jy die CQ-roep gehoor het nie, want dit is mees onbedagsaam en sal steuring veroorsaak vir die stasie wat roep. Verander eerder frekwensie met ongeveer 3 kHz na 'n skoon frekwensie en nadat jy seker gemaak het dat die frekwensie skoon is, stem daar in en keer terug na die frekwensie waar jy die roep gehoor het.

Dit is natuurlik wys om eers seker te maak dat hierdie instellings reg is voordat jy vir stasies wat CQ roep, te soek. en dadelik kan antwoord. Gestel jy hoor W1XX roep en jy is seker dat alles reg is en gereed is om te antwoord, dan sal jy sê:

*“Whisky One X-ray X-ray hier is Zulu Sierra One Alpha November, Zulu Sierra One Alpha November, Zulu Sierra One Alpha November standing by.”*

Let op dat die roepsein van die stasie wat geroep word, se roepsein altyd eerste aangekondig word en die stasie wat roep se roepsein tweede. Dit is belangrik want as dit omgekeerd aangekondig word, sal jy as 'n swak operateur beskou word.

Dit is nie nodig om die roepsein van die stasie wat geroep word 'n paar keer te herhaal nie, want hy of sy ken mos sy eie roepsein tensy toestande swak is.

### **Uitruil van rapporte**

Nadat kontak gemaak is, is die eerste ding wat gedoen word, die uitruil van seinrapporte en basiese inligting soos naam en ligging van die operateur aan albei kante. Seinrapporte word uitgeruil volgens die Standaard Verstaanbaarheid, seinsterkte en toon kode ('Readability, Strength, Tone' afgekort RST indien dit 'n GG-kontak is) in geval van foonwerking is dit net RS. (Readability en Strength). Die waardes in die RST-kode verskyn hier onder:

#### **VERSTAANBAARHEID (READABILITY)**

- 1 -- Onverstaanbaar
- 2 – Net-net verstaanbaar, woorde is nou en dan verstaanbaar.
- 3 –Met aansienlike moeite verstaanbaar.
- 4 – Maklik verstaanbaar.
- 5 –Perfek verstaanbaar.

#### **SEINSTERKTE**

- 1 – Swak seine – amper nie hoorbaar nie.
- 2 – Baie swak seine.
- 3 – Swak seine.
- 4 – Redelike seine
- 5 – Redelik goeie seine.
- 6 – Goeie seine.
- 7 – Matige sterk seine.
- 8 – Sterk seine.
- 9 – Baie sterk seine.

#### **TOON**

- 1 – Vyftig hertz WS of laer, baie rof en breed.
- 2 – Baie rof WS, baie grof en breed.
- 3 – Rowwe WS-toon, gelykgerig maar nie gefiltreer nie.

- 4 – Rowwe noot, tekens van filtrering.
- 5 – Gefiltreerde gelykgerigte WS maar sterk rimpelmodulasie
- 6 – Gefiltreerde toon, duidelik hoorbare rimpelmodulasie
- 7 – Byna suiwer toon, tekens van rimpelmodulasie.
- 8 – Byna perfekte toon, geringe tekens van modulasie.
- 9 – Perfekte toon, geen tekens van enige rimpel of modulasie nie.

Die Q-kode word dikwels gebruik om die ligging van die operateur aan te dui. Dit is die verkeerde gebruik van die Q-kode en moet net in Morsekodewerking gebruik word.. Gewone taal moet gebruik word met foonwerking. Die volgende antwoord mag dus van W1XX gehoor word:

*“Zulu Sierra One Alpha November this is Whisky One X-ray X-ray. Thanks for the call, you are five and six, fifty-six. My name is Bob, Bravo Oscar Bravo, and my QTH is Boston, Massachusetts. ZSIAN from W1XX.”*

Die seinrapport dui aan dat jou sein perfek verstaanbaar is en goeie seinsterkte het. Jy antwoord dan met ’n seinrapport en ook met jou naam en ligging.

*“W1XX from ZSIAN. Good morning Bob, thanks for the report. Your RS is five nine, five nine here in Cape Town. My name is Andrew, Alpha November Delta Romeo Echo Whiskey, Andrew. I’m testing a new rig here, a Kenwood TS850S, running 100 watts into a triband Yagi at 15 metres. Back to you Bob. W1XX this is ZSIAN.”*

So gaan die gesprek voort. Wetgewing bepaal dat jy met elke beurt jou roepsein moet aankondig maar as die gesprek vlot verloop en roepseine reg gehoor is, kan gewone taal gebruik word i.p.v. die fonetiese alfabet.

### **Beëindiging van QSO**

“QSO” kom ook van die Q-kode en dit dui ’n kontak tussen twee stasies aan wat ’n aantal beurte (rondtes) tussen die twee geduur het.. Die afsluiting van die gesprek sal heel waarskynlik so klink:

*“W1XX from ZSIAN. Well Bob many thanks for the nice chat, I must be off now. I will QSL via the bureau. 73 to you and your family and see you later. W1XX this is ZSIAN clear but listening for your final.”*

*Hy antwoord”*

*“ZSIAN from W1XX. Fine business Andrew, nice to meet you and enjoy that new radio, it sure sounds good from here. 73 until next time from W1XX signing clear.”*

Hier word “73”, ontleen uit die telegraafkode, dit dui “goeie wense” aan. Wanneer met ’n ander geslag gepraat word, word die kode “88” gebruik wat “liefde en soentjies” aandui. “QSL via die buro,” beteken om via die QSL-buro ’n QSL-kaart te stuur om die QSO te bevestig. Die QSL-buro is ’n afleweringdiens vir QSL kaarte wat deur verskillende amateurradio-verenigings bedryf word, ook die Suid-Afrikaanse Radioliga. Hoewel “73” en “QSL” afkortings in Morsekode is, word dit nogtans in foonkontakte gebruik wat aanvaarbaar is.

## Ná die QSO.

As jy nie reeds die logboek tydens die QSO ingevul het nie, dan moet jy dit dadelik daarna doen. Onthou wetgewing bepaal dat logboekinskrywings van elke HF-uitsending gemaak moet word (dit sluit onbeantwoorde roepe in, maar niemand doen dit werklik nie).

As jy onderneem het om 'n QSL-kaart te stuur, dan is dit goed om dit dadelik in te vul, want kan nogal 'n beslommernis wees as jy later ná 100 QSO's kaarte moet invul.

## Wat nie gedoen moet word nie.

Moenie eindelose "CQ" roepe uitsaai nie. Dit is baie hinderlik om die volgende te hoor:

*"CQ This is Zulu Sierra One Alpha November, Zulu Sierra one Alpha November, CQ This is Zulu Sierra One Alpha November, Zulu Sierra one Alpha November, CQ This is Zulu Sierra One Alpha November, Zulu Sierra one Alpha November, CQ CQ..."*

Dit is aanvaarbaar om 'n CQ roep twee maal te herhaal. Laat dan 'n gaping en luister of daar reaksie is, maar roep weer as daar geen antwoord ontvang word nie.

Moenie sê "Oor" of (slegter) "Oor en uit" nie, dit sal jou dadelik as 'n beginner brandmerk.

Moenie "maatjie" of "10 4" of ander burgerbanduitdrukings gebruik nie.

## GG-Prosedures

GG-QSO's volg in die algemeen dieselfde formaat as HF-foon maar met baie meer afkortings. Daar is hoofsaaklik twee soorte afkortings: die Q-kode van drie lettergroepe, wat begin met die letter Q wat staan vir vrae (questions) en antwoorde gebruik en informele afkortings wat vir algemene woorde gebruik word. Om met die Q-kode te begin. Elke kode kan gebruik word as vraag gevolg deur vraagteken of 'n stelling as 'n reaksie op 'n vraag. Bv. "QTH" meen "wat is jou ligging?" en die antwoord mag wees "QTH Kaapstad" menende my ligging is Kaapstad.

Jy moet die volgende afkortings ken en word in Engels aangedui omdat DX gesprekke meestal in Engels sal wees :

Q-Kode	As vraag	Stelling (antwoord)
QRG	Wat is my frekwensie?	Jou presiese frekwensie is...
QRL	Is jy besig?	Ek is besig.
QRM	Word jy gesteur??	Ek word gesteur.
QRN	Word jy deur statiese ontlading gesteur??	Ek word deur statiese ontlading gesteur.
QRO	Moet ek krag vermeerder?	Vermeerder krag.
QRP	Moet ek krag verminder?	Verminder krag.
QRQ	Moet ek vinniger stuur?	Stuur vinniger.
QRS	Moet ek stadiger stuur?	Stuur stadiger.
QRT	Moet ek ophou stuur?	Hou op stuur.
QRU	Het jy enigiets vir my?	Ek het niks vir jou nie.
QRV	Is jy gereed?	Ek is gereed.
QRX	Wanneer sal jy my weer roep?	Ek sal jou om .... uur weer roep.

QRZ	Wie roep my?	Jy word deur ..... geroep.
QSB	Kwyn my seine?	Jou seine kwyn.
QSL	Kan jy ontvangs erken?	Ek erken ontvangs.
QSP	Sal jy 'n berig herlei?	Ek sal berig aan .....herlei.
QSY	Moet ek frekwensie na....kHz verander?	Verander frekwensie na... kHz.
QTH	Wat is jou ligging?	My ligging is....

Let op dat QRX ook informeel aanvaar word om “staan by” te bedoel. Die verskil tussen QRM en QRN is dat QRM (steuring) deur mense gemaak word en QRN (steuring) deur die natuur veroorsaak word. 'n QRP-stasie is 'n stasie wat gewoonlik 5 Watt of minder uitsaai.

### **Aanvang van Kontak**

Luister eers vir ten minste 30 sekondes en luister of die frekwensie in gebruik is. As niks gehoor word nie, vra dan of die frekwensie gebruik word deur die volgende uit te saai:

*QRL? DE ZSIAN*

“QRL?” bedoel, “is jy besig ?” of “is hierdie frekwensie beset?” “de” meen “van” en word direk voor die roepsein van die sendstasie gebruik. As jy enige reaksie hoor vind dan 'n ander frekwensie. Sommige stasies sal met 'n “Y” vir “Yes” of 'n “C” vir “confirm” antwoord. Albei bedoel, ja, die frekwensie is beset.

As niemand reageer nie, dan mag jy CQ roep, ook in foonwerking.

*CQ CQ CQ CQ DE ZSIAN ZSIAN K.*

Hier bo dui DE” aan dat ZSIAN die sendstasie is. Die letter “K” dui aan dit is einde van ZSIAN se roep en enige stasie word genooi om te antwoord.

Onthou om net so vinnig te stuur as wat vir jou gemaklik is om te ontvang. Die stasie wat antwoord behoort teen dieselfde spoed te stuur as wat jy gestuur het, of selfs stadiger. Dus as jy vinniger stuur as wat jy kan ontvang, sal jy dan moeilik verstaan wat die antwoordstasie stuur.

### **Antwoord op 'n CQ-roep.**

Soos met foonwerking stuur die roepsein van die stasie wat jy roep eerste en daarna jou roepsein soos hier onder aangedui:

*WIXX DE ZSIAN ZSIAN ZSIAN KN*

Die “KN” aan die einde van die lyn hier bo dui aan dat die letters K en N aanmekaar gestuur word sonder die gewone spasies tussen letters. Omdat K dah-di-dah en N dah-dit is, word dit soos volg gestuur: dah-di-dah-dah-dit en is dit 'n uitnodiging aan net die stasie waarmee jy kommunikeer om te antwoord.

Die stasie sal voorgaan om vir jou 'n seinrapport te gee, met sy naam en QTH.

*ZSIAN DE WIXX GE OM TNX FER CALL UR RST 439 439 NAME BOB*

*BOB QTH BOSTON MA BOSTON MA HW? AR ZSIAN DE WIXX KN*

Let op dat baie afkortings gedurende die QSO gebruik word:

GE - good evening

OM - old man, used to refer to any male operator  
 TNX - thanks  
 FER - for, because it is quicker in Morse!  
 UR - your  
 RST - RST signal report  
 HW? - How did you receive this?

Die AR letters bedoel dat dit die einde van die boodskap is. Dit klink so: di-dah-di-dah-dit. Ja, kan nou antwoord.

*WIXX DE ZSIAN R GM BOB TNX FER RPRT RST 569 569 NAME ANDREW*  
*ANDREW QTH CAPE TOWN CAPE TOWN = RUNNING 100 W TO 3 EL*  
*YAGI = WX FINE 25C 25C = OK? AR WIXX DE ZSIAN KN*

Weereens 'n paar nuwe afkortings:

R - received everything correctly  
 RPRT - report  
 3 EL - 3 element  
 WX - weather  
 25 C - temperature 25 degrees centigrade  
 OK? - did you receive this OK?

Merk dat die letter “R” word aan die begin van die werklike boodskap gestuur en dui aan:”ek het alles goed ontvang”. Dit is nie nodig dat alles uitgespel moet word nie maar jy sal nie “R” stuur as jy nie alles ontvang het nie. Die simbool “=” word gebruik vir ’n “breek” aan die einde van ’n sinsnede.

### Beëindiging van die QSO

Jy kan die Q-kode “QRU” stuur as jy niks meer het om in die geselsie met jou vriend by te voeg nie en jy wil die QSO beëindig. As die ander stasie “QRU” stuur dan bedoel hy om die gesprek te beëindig. Dit mag soos volg gebeur”

*ZSIAN DE WIXX R TNX FER INFO ES NICE QSO QSL SURE VIA BURO =*  
*73 TO U ES URS ES HPE CUAGN = QRU? AR ZSIAN DE WIXX KN*

Nog 'n paar afkortings:

ES - “and” (it’s shorter and faster in Morse)  
 URS - “yours” so “U ES URS” means “you and yours”  
 HPE - hope, or I hope  
 CUAGN – see you again, so “HPE CUAGN” means “I hope to see you again”

Dan sluit ons af met:

*WIXX DE ZSIAN R TKS BOB QSL OK VIA BURO 73 ES CUL MY FRIEND*  
*VA WIXX DE ZSIAN TU*

“CUL” meen “sien jou later:” en die proseduresimbool “VA” beteken “einde van QSO”. Die “TU” aan die einde is ’n finale “dankie” en kan ook gevolg met twee Morse dits “ditdit”.

## Herhalerprosedures

Herhalers word gebruik vir plaaslike FM-kommunikasie. Dit stel stasies in staat wat nie binne siglynvoortplanting van mekaar is nie om d.m.v herhalers met mekaar te kommunikeer. Die herhaler sal dit wat jy sê herhaal solank albei stasies se ligging binne siglyn van die herhaler wees. Dit is veral nuttig vir mobiele stasies met lae krag en klein antennes maar dit geld ook vir vaste stasies.

Die herhaler word geaktiveer sodra dit 'n sein op sy insetfrekwensie ontvang en sal gelyktydig die oudio weer op die herhaler se uitsetfrekwensie uitsaai. Alle 2 m-herhalers in Suid-Afrika maak gebruik van 600 kHz verskil tussen die inset- en uitsetfrekwensie van die betrokke herhaler. Die insetfrekwensie van die herhaler is 600 kHz laer as die frekwensie wat die herhaler uitsaai. Om na 'n sekere herhaler te verwys, word altyd die uitsetfrekwensie genoem. Dus as iemand na die "145,750 MHz" herhaler verwys, bedoel hy/sy die herhaler se uitsetfrekwensie is 145,750 en die insetfrekwensie is 600 kHz laer d.i. 145,150 kHz.

Somtyds is dit nodig om 'n sub-oudiosein saam met die spraak uit te saai om die herhaler te aktiveer. Die sub-oudio kan aan en afgeskakel word na gelang van die behoefte. Sommige herhalers word egter geaktiveer met 'n "CTCSS" sub-oudiotoon. CTCSS is die akroniem vir "continuous tone coded squelch system". Dikwels word 88,5 Hz vir hierdie doel gebruik om 'n herhaler te aktiveer. Dus moet jy jou radio aktiveer om gelyktydig met die spraak 88,5 Hz uit te saai sodat die herhaler ge-aktiveer kan word.

QSO's op herhalers is minder formeel as HF foon-QSO's. Jy roep nie "CQ" op 'n herhaler nie, maar eerder 'n spesifieke stasie of vra of iemand miskien luister. Byvoorbeeld ek kan sê:

*Dit is ZS1 Alpha November – is daar iemand op frekwensie?*

Let op dat ek nie foneties vir ZS1 gebruik nie omdat herhalers vir plaaslike gebruik is, almal weet dat ek 'n ZR1 of ZS1 roepsein het. Ek sal egter "AN" foneties aankondig om verwarring met bv. ZS1AM te voorkom, wat baie dieselfde klink.

Indien daar 'n stasie is wat wil gesels mag hy moontlik so antwoord:

*ZS1AN hier is ZS Bravo. Hallo Andrew, dis lekker om jou weer te hoor, wat het jy sovêr gedoen?*

Normaalweg gee jy nie 'n seinrapport as jy 'n herhaler gebruik nie, want jy weet nie hoe sterk sy sein by die herhaler ontvang word nie. Jy weet wel wat die uitsetkrag van die herhaler is, maar dis nie van belang vir die ander party nie. As iemand wel vir 'n rapport vra, moenie 'n RST rapport gee nie, maar eerder noem aan hom/haar in gewone taal dat sy/haar uitsending hard en duidelik ontvang word of dat ietwat ruis of opbreek van sy gehoor word.. As jy sê: "heeltemaal stil" beteken dit dat jy 'n helder sein ontvang sonder enige ruis.

Daarna verloop die gesprek byna soos 'n telefoongesprek. Jy moet die minimum brabbeltaal gebruik en duidelik praat. Moenie vergeet om jou roepsein met elke uitsending aan te kondig nie.

Daar is 'n aantal spesiale punte i.v.m. herhaler QSO's.

1. Die herhalers is 'n gemeenskaplike bron en is nie vir jou private gebruik nie. Dus as jy 'n lang gesprek met iemand wil voer, probeer om dit op simpleks te doen. Dis op 'n frekwensie waarop jy direk met die ander persoon kan kommunikeer en nie 'n herhaler



- beset nie. Lang geselsies van 'n groep waar enigiemand kan deelneem is aanvaarbaar en vind dikwels plaas
2. Laat 'n stilte van ongeveer 2-3 sekondes aan die einde van elke uitsending voordat die volgende persoon begin praat. Dit gee geleentheid aan iemand anders wat by die geselsie wil aansluit om sy roepsein aan te kondig.
  3. 'n Stasie wat by die geselsie wil aansluit moet wag totdat daar 'n stilte tussen die rondtes is en dan sy/haar roepsein net eenmaal aankondig. Die volgende stasie om uit te saai moet die "inbreker" erken en so gou moontlik aan hom/haar geleentheid bied om uit te saai.
  4. Indien jy 'n dringende boodskap het om oor die herhaler aan te gee, wag vir 'n stilte en sê "breek breek" en gee jou roepsein. Die volgende stasie om uit te saai moet jou dan dadelik inroep.
  5. Hou jou beurt redelik kort – ongeveer 2-3 minute. Moenie toesprake of preke oor die herhaler lewer nie.

### **Algemene opmerkings.**

Onthou die doel van hierdie prosedures is om duidelik verstaanbare kommunikasie selfs onder swak toestande te bewerkstellig. Moenie brabbeltaal gebruik terwyl gewone taal voldoende sal wees nie. Byvoorbeeld die Q-kode help om effektiewe kommunikasie te verseker as GG gebruik word want dit mag baie tyd in beslag neem om alles ten volle uit te spel. Maar in foonwerking is net so vinnig gewone taal te gebruik en dit is en meer verstaanbaar.

Amateurradio is nie die plek vir bespreking van sensitiewe sake soos, politiek, godsdiens of enigiets wat iemand as onmanierlik beskou nie. Dit is aanvaarbaar om met iemand wat jy goed ken en dieselfde menings huldig 'n QSO oor godsdiens te voer, maar nie om vir ander mense wat jy op amateurradio ontmoet te preek nie. Dit is die beste om politiek te vermy selfs al ken jy die ander persoon en wat dieselfde benadering het want jy weet nie wie ook nog mag luister nie.

Moet nooit beledigende of kru taal gebruik nie. In amateurradio is daar nie iets soos 'n private gesprek nie en alle amateurs het ten doel om ons bande "skoon" te hou van onweloweglike taal. As gehoor word dat jy onaanvaarbare taal gebruik, selfs in 'n private gesprek, kan ander amateurs jou by die owerhede gaan verkla en versoek dat jou lisensie opgeskort word.

Wetgewing belet jou om met ander QSO's in te meng nie. Dit sluit in om 'n dragolf op 'n ander uitsending te plaas nie, want dit stel jou lisensie in gevaar.. As jy dink dat iemand die herhaler onnodig lank beset, maak hom/haar daarop bedag op 'n beleefde manier Die bande wat aan amateurs toegeken is, is in segmente verdeel vir verskillende modes van werking volgens die bandplan. Elke band sal verdeel wees in segment wat voorsiening maak vir GG, digitale modus en foonwerking. Sommige frekwensies mag ge-oormerk te wees vir bakens en moet jy nie op hierdie frekwensies uitsaai nie en ander frekwensies weer vir spesifieke doeleindes, soos satelliet, aard-maan-aard of inter-kontinentale DX werking. Hierdie is nie wetlik van krag nie, maar net "n vriendelike ooreenkoms met ander amateurs op orde in die bande te handhaaf.

### **Hersieningsvrae**

- 1 **Die term QSO word gebruik om:**
  - a. 'n Ander amateurstasie te roep vir 'n gesprek.
  - b. 'n Gesprek te beëindig..

- c. 'n Gesprek te onderbreek..
  - d. 'n Toetsuitsending te doen.
- 2. 'n Gelisensieerde amateur moet altyd voor 'n uitsending:**
- a. Die aardverbinding nagaan,
  - b. Die antennes nagaan.
  - c. Die kragbonne nagaan..
  - d. Luister en waar te neem of die frekwensie onbeset is.
- 3 Om seker te maak dat die stasie wat roep se roepsein duidelik ontvang word wanneer hy/sy 'n kontak wil maak, moet:**
- a. Hy of haar roepsein 'n paar keer herhaal.
  - b. Baie vinnig praat.
  - c. Maksimum spraak-kompressie gebruik.
  - d. Die hoogste frekwensie gebruik.
- 4 'n Seinrapport van 5 9 9 word verstrek as 'n sein ontvang word:**
- a. Met 'n swak seinsterkte en mooi GG toon.
  - b. Met 'n goeie seinsterkte maar slegte GG toon.
  - c. Wat geheel en al onverstaanbaar is.
  - d. Wat perfek verstaanbaar, sterk en 'n skoon toon-sein is.
- 5 In die RST-kode dui T aan:**
- a. Temperatuur.
  - b. Toon.
  - c. Tyd van uitsending.
  - d. Tipe sender.
- 6 'n Verstaanbaarheidsrapport van 2 dui aan:**
- a. Onverstaanbaar.
  - b. Net verstaanbaar maar baie moeilik.
  - c. Verstaanbaar 'n bietjie moeilik.
  - d. Perfek verstaanbaar.
- 7 Die S-rapport in die RST-kode verwys na:**
- a. Die sterkte van 'n uitsaaisein.
  - b. As die spoed waarmee GG uitgesaai word.
  - c. Die vlak van steuring op die band.
  - d. Die aanduiding op die ontvanger se S-meter.
- 8 'n 59 Rapport word gewoonlik aan 'n stasie verstrek wat:**
- a. Swak verstaanbare seine uitsaai.
  - b. Verstaanbaar is.
  - c. 'n Goeie sterk goed verstaanbare seine uitsaai.
  - d. Swak GG uitsaai.
- 9 Die term "5 en 9" word aangedui as die kode:**
- a. Q-kode is.
  - b. RS-kode is.
  - c. Morsekode is.
  - d. Kleurkode is.
- 10 Die Q-kode vir "staan by" is:**
- a. QRN.
  - b. QRM.

- c. QRS.
- d. QRX.

**11 QRP beteken:**

- a. Sluit af.
- b. Adres is.
- c. Hoë krag.
- d. Lae krag.

**12 QRT beteken:**

- a. Sluit af.
- b. Staar by.
- c. Kwyning.
- d. Lae krag.

**13 Moet ek krag verminder sal uitgesaai word as:**

- a. QRT.
- b. QSP.
- c. QRP.
- d. QTR.

**14 As wat sal die versoek vertel my wat my presiese frekwensie is uitgesaai word:**

- a. QSL.
- b. QRG.
- c. QRI.
- d. QRU.

**15 Die gebruik van die Q-kode is hoofsaaklik om:**

- a. Aan ongelisensieerde gebruikers te stop om die uitsendings te verstaan.
- b. Uitsaakrag te spaar.
- c. Effektiewe kommunikasie te verseker.
- d. Sybande aan te wend.

**16 Die korrekte Q-kode vir "verander frekwensie" is:**

- a. QSR.
- b. QSX.
- c. QSY.
- d. QTH.

**17 Wat is die korrekte Q-kode vir "wat is jou ligging?"**

- a. QSY.
- b. QSP.
- c. QRP.
- d. QTH.

**18 QRM kan verwys na:**

- a. Ek word oorweldig met statiese ontladings.
- b. Ek word deur 'n ander stasie gesteur.
- c. Ek gaan 'n musikale uitsending doen.
- d. Ek benodig meer modulاسie.

**19 QRT word gedefinieer as:**

- a. Ek gaan nou uitsaai.
- b. Ek gaan bystaan.

- c. Ek is voornemens om die uitsending te staak.
  - d. Gaan jy nou stuur?
- 20 Watter is die korrekte Q-kode vir: “moet ek ophou stuur?”**
- a. QRL.
  - b. QRK.
  - c. QRV.
  - d. QRT.
- 21 Watter is die korrekte Q-kode vir “wanneer sal jy my weer roep?”**
- a. QSD.
  - b. QSB.
  - c. QRX.
  - d. QRH.
- 22 Watter is die korrekte Q-kode vir “kwyn my seine?”**
- a. SSD.
  - b. QSB.
  - c. QRN.
  - d. QRH.
- 23 Watter is die korrekte Q-kode vir “is jy gereed?”**
- a. QRL.
  - b. QRK.
  - c. QRV.
  - d. QRG.
- 24 Watter is die korrekte Q-kode vir “kan jy ontvangs bevestig?”**
- a. QRL.
  - b. QRK.
  - c. QRV.
  - d. QSL.
- 25 Watter is die korrekte Q-kode vir “sal ek stadiger stuur?”**
- a. QRS.
  - b. QRK.
  - c. QRV.
  - d. QRP.
- 26 Jy skakel jou radio aan en al wat jy hoor is ’n stasie se roepsein. Roep jy dan:**
- a. QRA.
  - b. QRZ.
  - c. "Wie is die stasie op hierdie frekwensie”?
  - d. "Wie roep my”?”
- 27 Jy is ’n nuwe amateur en jy hoor allerhande uitdrukkings gebruik deur ander amateurs. Wat doen jy?**
- a. Volg hulle voorbeeld en gebruik die uitdrukkings.
  - b. Aanvaar dit as korrek en aanvaarbaar.
  - c. Voeg nuwe woorde wat jy gemaak het by die woordeskat.
  - d. Gebruik gewone taal met gewone uitdrukkings.
- 28 Watter is die korrekte fonetiese spelling van die woord” plug”?**
- a. Peter Lima Union Golf.
  - b. Papa Lima Uniform Golf.

- c. Pope Lima Uniform Golf.
- d. Power Lima Uniform Golf.

**29 Watter van die volgende is die korrekte gebruik in die fonetiese alfabet?**

- a. Bravo.
- b. Sierra.
- c. America.
- d. India.

**30 Watter van die volgende is die korrekte fonetiese spelling vir die word “ship”?**

- a. Sugar Hotel Item Papa.
- b. Santiago Honolulu India Papa.
- c. South Hotel India Papa.
- d. Sierra Hotel India Papa.

**31 Roepseine wat in foneties aangekondig word, word gebruik”?**

- a. Op elke uitsending.
- b. Op die eerste kontak met ’n stasie.
- c. Aan die einde van elke uitsending.
- d. Gereeld.

**32 “COIL” sal met die gebruik van die internasionale fonetiese alfabet sal as volg aangekondig word:**

- a. Charlie, Ocean, Italy, Lima.
- b. Charlie, Oscar, India, Lima.
- c. Colin, Oscar, Indonesia, London.
- d. Colin, Oscar, India, London.

**33 Watter van die volgende gebruik die Internasionale fonetiese alfabet?**

- a. Boston, Uniform, Golf.
- b. Bravo, Union, Gold.
- c. Berlin, Uncle, Golf.
- d. Bravo, Uniform, Golf.

**34 Herhalers word gewoonlik net in die volgende modus aangewend.**

- a. AM.
- b. FM.
- c. ESB.
- d. GG.

**35 Herhalers in die RSA word gewoonlik geaktiveer deur”:**

- a. ’n Toonsarsie.
- b. ’n Sein op die insetfrekwensie.
- c. ’n Sein op die uitsetfrekwensie.
- d. Afstandbeheer.

**36 Aanhoudende gebruik van ’n herhaler deur een stasie is:**

- a. Onwenslik.
- b. Onmoontlik.
- c. Gevaarlik.
- d. Onbedagsaam.

**37 Satellietfrekwensies verander as die satellietseine tydens ’n verbyvlug gemonitor word. Dit is a.g.v. die:**

- a. Hoogte van die satelliet..

- b. Dopplerfrekwensieskuif.
- c. Dryf.
- d. Sirkulêre vorm van die wentelbaan.

**38 Albei Asimut en Hoogtehoek, verwys na:**

- a. Satelliet aardstasie se antenna posisies..
- b. Mobiele kommunikasie/
- c. Seevaart-kommunikasie.
- d. Doppler-rigtingpeiling.

**39 Satelliete bevat transponeerders en herlei:**

- a. Net GG-seine.
- b. Net FM-seine.
- c. Alle modulasiemodusse.
- d. Net digitale seine.

**40 Waar moet die groen draad in 'n WS-kabel in 'n kragbron verbind word?**

- a. Die sekering.
- b. Aan die "lewendige" kant van die kragkakelaar.
- c. Aan die bakwerk.
- d. Aan die meter.

**41 Wat se veiligheid bied 'n bloeiweerstand in 'n kragbron?**

- a. Dit verbeter spanningsregulering.
- b. Dit ontlai die filterkapasitors.
- c. Die verwyder skokgefare van die induksiespoele.
- d. Dit skakel aard-lusstroom uit.

**42 Dis goeie praktyk in enige radioinstallasie vir veiligheid om:**

- a. Net plastiese pype vir goeie aarding te gebruik.
- b. Om nie-gearde metaalpipe te gebruik.
- c. Alle aarding van metaalkaste te verwyder.
- d. Installeer 'n meesterskakelaar in die huis waarvan almal weet.

**43 Vir veiligheidsredes moet alle blootgestelde metaalvoorwerpe:**

- a. Verbind wees aan die hoofkrag-neutraal.
- b. Vry wees van aardverbindings.
- c. Heeltemal onverbind gelaat word.
- d. Aan 'n goeie aard verbind wees.

**44 Wanneer apparaat bedraad word:**

- a. Sal enige draad geskik wees.
- b. Sal alle plastiese of geïsoleerde draad geskik wees.
- c. Geïsoleerde drade wat geskik is vir die spanning moet gebruik word.
- d. Geïsoleerde draad is geskik.

**45 Skakelaars om hoofkragstroom af te skakel moet:**

- a. Enkelpool wees en net die lewendige lyn onderbreek.
- b. Enkelpool laestroomsakelaars wees.
- c. Tweepoolskakelaars wees en beide die lewendige en neutrale lyne moet onderbreek word.
- d. Mestipe skakelaars sonder deksel vir maklike toegang wees.

**46 Wanneer proppe gebruik word om sendapparaat wat hoë stroom benodig aan die hoofkrag te verbind:**

- a. Is twee-pen 5 amp proppe sonder aardpen geskik.
  - b. Kan 10 amp driepenproppe gebruik word.
  - c. Kan drade direk in die vrou-sok ingestek word.
  - d. kan 'n 16 amp driepenprop gebruik word.
- 47      Radiofrekwensies word in mikrogolfoonde gebruik vir koskookdoeleindes. In 'n radiostasie moet sorg gedra word om:**
- a. Seker te maak dat die krag aangeskakel is deur aan die RF-punte met nat vingers te raak.
  - b. Aan RF-apparaat te werk met die deksels verwyder.
  - c. Verstellings aan antennes te maak terwyl volle krag aan die antennes verskaf word.
  - d. Alle RF-bronne teen gesigs- en liggaamlike kontak af te skerm.
- 48      Hoë kapasitansie kapasitors wat op die werksbank of êrens gelaat word, moet:**
- a. Aan 'n ander persoon gegee word waar liggaamlike kontak 'n reaksie kan veroorsaak.
  - b. Terwyl dit aan 'n las verbind is, weggebêre word.
  - c. Onge-erg rond lê.
  - d. Ontlaai word en gebêre word.
- 49      Wanneer 'n sender ingestel word en om steuring aan ander gebruikers op die band te verhoed, moet dit aanvanklik:**
- a. Op 'n harmoniek buite die band ingestel word.
  - b. Direk in die antenna gevoer word.
  - c. In 'n kunsulas ingevoer word.
  - d. Direk in 'n dipool ingevoer word.
- 50      Amateur bandplanne word saamgestel en moet nagekom word want:**
- a. Hulle is wettig.
  - b. Hulle word deur Internasionale Regulasies beheer.
  - c. Hulle oogmerk is om hulp aan bediening te verleen en ophoping te verhoed.
  - d. Hulle is daar vir beginners se gebruik.
- 51      Voordat 'n CQ-roep op enige frekwensie gedoen word, moet mens:**
- a. 'n 1 750 Toonsarsie uitsaai.
  - b. Jou roepsein herhaalde kere aankondig.
  - c. Eers op die frekwensie luister en as dit onbeset is, begin roep.
  - d. Jou roepsein driekeer aankondig.
- 52      Die doel van die aardgebonde herhaler is om:**
- a. Satellietdekking te vergroot.
  - b. Die bereik van mobiele stasies vergroot.
  - c. Die bereik van vaste stasies te vergroot.
  - d. Kontakte met voetgangerstasies te verminder.
- 53      Wanneer 'n ander stasie geroep word, is dit aanvaarbare praktyk om:**
- a. Eers jou roepsein aan te kondig en dan die stasie wat geroep word se roepsein:
  - b. Net jou roepsein aan te kondig.
  - c. Die roepsein van die stasie wat geroep word aan te kondig en daarna jou eie roepsein.
  - d. Die roepsein van die ander stasie net een maal te gebruik..
- 54      Wanneer jy afsluit met 'n ander stasie is dit aanvaarbare praktyk om aan die einde van die kontak:**
- a. Eerste jou roepsein aan te kondig en dan die ander stasie se roepsein.

- b. Die ander stasie se roepsein na jou roepsein aan die einde aan te kondig.
- c. Nie die ander stasie of jou roepsein te gebruik nie maar sê “oor en uit”.
- d. Die ander stasie se roepsein eerste en jou roepsein laaste aan te kondig.

**55 Die RST-kode verwys na:**

- a. Readability, Signal strength, Tone.
- b. Radio, Signal, Time.
- c. Readability, Signal strength, Time.
- d. Reactivity, Speed, Tone.

**56 In die RST-kode staan “S” vir:**

- a. Seinsterkte van die sybandsein.
- b. Sterkte van die uitsaaisein.
- c. Veiligheid (Safety).
- d. Seinsterkte ontvang.

**57 ’n Seinapport van “599” beteken:**

- a. Die sein se gehalte is swak, ook die seinsterkte en toon.
- b. Die sein se gehalte is baie goed, ook seinsterkte en toon.,
- c. Die seinsterkte is laag maar van goeie gehalte.
- d. Die sein is nie maklik verstaanbaar nie.

**58 Wanneer ’n stasie geroep word, hoe dikwels moet sy roepsein aangekondig word?**

- a. Vyfmaal.
- b. Driemaal.
- c. Tweemaal.
- d. Viermaal.

**59 Nadat ’n stasie gekontak is op ’n roepfrekwensie, is dit goeie praktyk om:**

- a. Voort te gaan met die kontak op dieselfde frekwensie.
- b. Na ’n ander frekwensie te skuif en voort te gaan met die QSO.
- c. Ander te nooi om aan te sluit op dieselfde frekwensie.
- d. Beswaar te maak teen alle ander stasies wat roep.

**60 Wanneer twee stasies besig met ’n QSO, moet jy:**

- a. Op die gesprek inbreek sonder om te weet wat bespreek word.
- b. Eers luister waaroor die QSO gesprek gevoer word en vra om aan te sluit en dan oor iets anders te gesels.
- c. “Inbreek” en ’n argument ontken oor ’n ander onderwerp.
- d. Eers luister en as jy ’n bydrae tot die QSO kan lewer, vra om aan te sluit en lewer jou bydrae om verder bespreking te bevorder.

**61 Voordat jy vir die eerste keer op die lug kom, moet jy:**

- a. Al die burgerband prosedures ken en hulle ten volle gebruik.
- b. Alle burgerbandterme gebruik selfs al is dit nie van toepassing op amateurradio nie.
- c. Alle amateurradioprosedures en terme leer en eers dan op die lug waag.
- d. Alle kommersiële radioterme leer en hulle gebruik.

**62 Wanneer jy vir die eerste keer CQ roep en nie antwoord kry nie moet jy:**

- a. Op en af op die band skuif en op elke paar kHz roep.
- b. Aanhou en aanhou op dieselfde frekwensie roep.
- c. Na ’n ander band oorskakel.



- d. Oor die band luister om vas te stel of daar ander stasies is wat aktief is voordat jy CQ roep en 'n paar keer roep en dan sluit.

**63 Die onderwerp vir bespreking op amateurradio moet die volgende insluit:**

- a. Politiek, Godsdiens en Seks.  
b. Kwetsende sake bespreek.  
c. Ongesikhte taal so dikwels as moontlik te gebruik.  
d. Sake van gemeenskaplike belang van 'n persoonlike of tegniese aard op 'n ontspanne en hoflike manier.

**64 Wanneer via 'n satelliet gekommunikeer word moet jy:**

- a. Maksimum toelaatbare krag gebruik..  
b. Esperanto praat.  
c. Genoeg krag gebruik om betroubare kommunikasie te behou..  
d. 'n Spraakprosesseerder gebruik en skreeu om deur te dring.

**65 Wanneer aanvanklik Morsekode gebruik word:**

- a. Stuur CQ en jou roepsein teen 'n baie hoë spoed.  
b. Stuur CQ en jou roepsein teen dieselfde spoed as wat jy kan ontvang.  
c. Stuur eers AK en dan die CQ-roep.  
d. Stuur eers AR en dan die CQ roep.

**66 As 'n stasie "CQ Europa" roep, moet jy:**

- a. Hom in elk geval roep.  
b. As hy nie jou ZS-roep antwoord nie, beledig hom en beskuldig hom dat hy anti-Suid-Afrikaans is.  
c. Wag en hoor of hy antwoord van Europa kry, indien nie, luister watter gebied hy dan roep totdat hy CQ Afrika roep.  
d. Trompet blaas of 'n musikale instrument speel om sy aandag te trek.

**67 'n Net vind op 2 m plaas. Moet jy:**

- a. CQ roep op daardie frekwensie gedurende 'n breek in uitsending.  
b. Vir 'n wyle luister en dan inbreek selfs al kan jy nie tot die bespreking bydra nie.  
c. Wag totdat daar 'n onderbreking is en dan roep en wag dat jy ingeroep word.  
d. Fluit of 'n musikale instrument gebruik om aandag te trek.

**68 Wanneer 'n herhaler op 2 m gebruik word, is dit goeie praktyk om:**

- a. Simpleks te gebruik en ander stasies verwittig dat hulle seine swak is en jy hulle glad nie kan hoor nie.  
b. Maksimum krag te gebruik en roep totdat iemand antwoord.  
c. Die dupleks modus te gebruik en op die insetfrekwensie te roep en op die uitsetfrekwensie te luister,  
d. Die herhaler omgekeerd te gebruik en hoop op die beste.

**69 Wanneer jy 'n herhaler gebruik moet jy volgende aankondig:**

- a. 'n Seinsterkterapport aan die ander stasies.  
b. 'n RST-seinrapport vra i.v.m. jou sein.  
c. 'n RST-rapport aan ander stasies  
d. Rapporteer dat jy hard en duidelik ontvang.

**70 Watter van die volgende is korrek as jy telegrafie gebruik om 'n oorsese kontak te maak?**

- a. CQ CQ CQ de ZS1XYZ ZS1XYZ Z1XYZ.  
b. CQ DX CQ DX CQ DX de ZS1XYZ ZS1XYZ ZS1XYZ K.  
c. CQ DX DX DX de ZS1XYZ AR.

d. CQ DX de ZS1XYZ K.

**71 Watter een van die volgende is korrek as jy telegrafie gebruik om 'n Suid-Afrikaanse kontak te maak?**

- a. CQ CQ CQ. Dit is Zulu Sierra Ses Zulu Zulu Zulu wat QC roep en bystaan.
- b. CQ CQ. Zulu Sierra Ses Zulu Zulu Zulu staan by.
- c. CQ DX CQ DX CQ DX hier is Zulu Sierra Ses Zulu Zulu Zulu.
- d. CQ CQ CQ Dit is Zulu Sierra Ses Zulu Zulu Zulu en Zulu Sierra Six Zulu Zulu Zulu staan by.

**72 Watter een van die volgende is nie korrek nie?**

- a. Dit is belangrik om duidelik en nie te vinnig te praat nie as die ander persoon nie dieselfde taal as jy kan praat nie.
- b. Die gebruik van GG-afkortings en Q-kodes moet nie in telefoniekontakte gebruik word nie.
- c. Amateur-brabbeltaal en plat taal te gebruik om ander te verwar.
- d. Vermoed om "ons" te gebruik as "ek" bedoel word.

**73 Wanneer 'n herhaler gebruik word, is die korrekte prosedure:**

- a. Om tussen beurte te wag om ander stasies toe te laat om in te breek.
- b. Om dadelik uit te saai nadat die ander dit na jou oorgestuurd het sodat ongevraagde stasies verhoed word om jou gesprek te onderbreek.
- c. Om vir 'n redelike tydjie te wag voordat jy die ander stasie in die kontak, antwoord.
- d. Om die herhaler aanhoudend te gebruik om te verhinder dat ander dit kan gebruik.

**74 Dit is goeie praktyk wanneer jy 'n herhaler gebruik om:**

- a. 'n Ondoeltreffende antenna te gebruik.
- b. 'n Foutiewe mikrofoon te gebruik.
- c. 'n Radio te gebruik wat oor-devieer.
- d. Beleefd te wees en ander stasies toe te laat om by die gesprek aan te sluit.

**75 Wanneer jy graag 'n noodboodskap oor die herhaler wil uitsaai terwyl dit gebruik word, moet jy:**

- a. Die mikrofoon-skakelaar druk en skreeu dat jy haastig is.
- b. Aanhoudend fluit om aandag te trek.
- c. Wag tot aan die einde van die beurt, jou dan identifiseer en aankondig dat jy 'n dringende boodskap het.
- d. Die mikrofoon-skakelaar druk en wag totdat albei stasies stil is en dan oorneem en jou boodskap aangee.

**76 Wanneer jy 'n herhaler gebruik en verwittig word dat jou sein opbreek en onverstaanbaar is. Wat doen jy dan?**

- a. Vertel die ander stasie dat daar niks met jou stel verkeerd is nie.
- b. Afsluit totdat jy in 'n beter posisie is en die herhaler goed aktiveer.
- c. Iemand vra om jou onbelangrike boodskap te herlei.
- d. Almal kwaad maak deur te vra dat die boodskappe herhaal moet word.

**77 Wanneer 'n herhaler gebruik word moet jy altyd:**

- a. Die beurt solank as jy wil uitrek.
- b. Onderwerpe soos politiek, godsdiens en seks te bespreek.
- c. Hou die beurt kort om ander gebruikers toe te laat.
- d. Aktiveer die herhaler sonder om jou roepsein aan te kondig.

**78 Wanneer jy op enige amateurband werk moet jy:**

- a. Werk waar die gerieflik en onbeset is.

- b. Laer syband in 'n hoë sybandgedeelte gebruik.
- c. Die aanvaarde bandplan volg vir die band wat gebruik word.
- d. GG gebruik in die foongedeelte as die band skoon is.

**79 Wanneer op hoë frekwensiebande gewerk word, is dit goeie praktyk nadat 'n stasie aanvanklik gekontak is om:**

- a. Dadelik voort te gaan met die gesprek.
- b. Seinrapporte een of ander tyd gedurende die gesprek uit te ruil.
- c. Seinrapporte uit te ruil en vas te stel dat die seine geskik is voordat met die gesprek voortgegaan word.
- d. 'n Bietjie van frekwensie af te skuif sodat die ander partye beter kan hoor.

**80 Wanneer toestande goed en seine sterk is, moet operateurs:**

- a. Krag tot die maksimum toelaatbare deur regulasies te verhoog.
- b. Krag te vermeerder en vol kompressorfasiliteit te gebruik.
- c. Net genoeg krag te gebruik om 'n goeie kontak te maak.
- d. Krag te vermeerder tot die maksimum vermoë van die apparaat.

**81 Voordat jy begin uitsaai watter van die volgende prosedures is nie korrek nie?**

- a. Gaan na of die antennastelsel in goeie toestand is.
- b. Gaan na of daar nie oormatige gereflekteerde krag op die antenna is nie.
- c. Gaan na dat die korrekte frekwensie gebruik word.
- d. Aanvaar dat die vorige verstellings van die kontroles geskik is.